

GrysWys / GrayMatter

Noordwes-SAGES Nuusbrief/North West SAGES Newsletter

SEPTEMBER 2026



Boodskap van die Voorsitter

Goeie dag SAGES lede

Die jaar is besig om stadig maar seker einde se kant toe te staan en 'n klompie dinge moet in plek kom.

Eerstens is dit tyd om die Jaarprogram vir die nuwe jaar saam te stel. Die program moet voor einde Oktober aan die Nasionale Bestuurskomitee voorgelê word vir goedkeuring. Die Bestuurskomitee wil graag alle bane ondersteun waar ons lede het, maar die kwessie van die beskikbaarheid van genoeg karretjies, is 'n probleem. As daar spelers by Gholfklubs is wat nie hierdie jaar 'n kans gekry het om 'n maandspel aan te bied nie, en dink dat hulle klub so 'n maandspel kan aanbied, kontak my asb persoonlik. Anders sal ons op die bestaande bane besluit met die 2 buite bane, nl. Parys en Vaal de Grace

Then, efforts must also be made to find people who can serve on the Management Committee. The Chairperson, Secretary and Treasurer must be nominated. Four Additional members may be co-opted. Continuity is very important, but there also need to be new members to serve and to gain experience in order to take the Branch forward in the future. It is good to say the Management Committee are doing well, but fresh ideas are just as important- for example, involving members from other Clubs in our Branch area.

Daar is spelers wat nog wil kwalifiseer vir die Nasionale Kampioenskap. Dit word volgende jaar vanaf 4 – 9 April in George aangebied.

Very Important!! All monthly competitions count towards the merit list, as do Inter Branch competitions where participation is not restricted - namely, the Hannes Burke and the Challenge against Northern Free State

Daar is nog net die Maandspel in November in Rustenburg om hiervoor te kwalifiseer. (Met die skrywe hiervan, was Landbou se maandspel in September ook nog uitstaande) Ek vertrou dat ons die regte getal belangstellendes sal kry om te gaan deelneem. Op hierdie stadium kan ons nog net 8 spelers stuur, maar met ons ledetal wat so mooi gestyg het, kan dit moontlik verander. Keep in mind that only 300 players from all the SAGES Branches can be invited. If the NMC increases the number for a branch, the allocation must be reduced for the larger Branches.

Groete. Daantjie.



1 SEPTEMBER 2026



Die Voorsitter van Vaalrivier,
Dion van Rooyen, verwelkom
almal teenwoordig



En ek wonder ook.....

Terwyl die spelers in stille afwagting rondstaan.





Om verstaanbare redes is my gemoed baie TRAAG om hierdie verslag te skryf. (Ek doen dit maar met 1 vinger) Dit is immers die 2de jaar in `n ry dat ons die HANNES BURKE Trofee teen Vaalrivier verloor. En nie sommer só nie, met 30 punte!!

I am sure every North West player gave their all to prevent that from happening, but on the day, we were beaten by better team combinations.

Congratulations to Vaalrivier and all the winners. In the end, golf triumphed, and old friendships were strengthened once again.

So het die spanne gevaar:

Winners of the Hannes Burke Trophy

BRANCH SCORE

VAAL 459
NW 429

TOP 4 TEAMS

First - Goggie van Heerden / Nina van Heerden	50 punte
Second - Danie Jacobs / Christo Valentine	48 punte
Third - Sonja Botes / Bets De Beer	47 punte
Fourth - Linda van den Berg / Naas van den Berg	46 punte

CLOSEST TO THE PIN

2 - Steyn Snyman
6 - Johan Ungerer
12 - Jooste Coetzee
16 - Marinus de Wilde

LONGEST DRIVE

PINK - Bonnie Jordaan
RED - Kobus Coetzer
BLUE - Hardus Visagie
WHITE - Kobus Du Preez

TOP 10 SPANNE – VAAL

DANIE JACOBS / CHRISTO VALENTINE	48
SONJA BOTES / BETS DE BEER	47
LINDA VAN DEN BERG / NAAS VAN DEN BERG	46
PIETER OLEN / JOHANN COETZER	46
JOE ALEXANDRE / JOHAN UNGERER	46
SYLVIA VAN NIEKERK / JACQUELINE COETSER	46
JIMMA WOOD / VICTOR SCROOBY	45
CHRISTO HATTINGH / JOOSTE COETZEE	45
ANNE-MARIE VAN BAALen / TRIx DE BEER	45
CHARLES EMSLIE / JAN VORSTER	45

TOTAAL - 459

TOP 10 SPANNE – NW

GOGGIE VAN HEERDEN / NINA VAN HEERDEN	50
MARIUS FOURIE / MARIO BOTHA	44
DAANTJIE VAN RENSBURG / AMPIE SWANEVELDER	42
JIMMY HUGH / FRANCOIS GERBER	42
NICO ROUX / MARTHINUS LOOTS	42
LUIGI MORELLI / JENNY FORSSMAN	42
RICKUS DU PLESSIS / JOHAN SCHOONEN	42
ANDRE LE GRANGE / STEVEN LE ROUX	42
DEON COETZER / OCKIE SWARTZ	42
ANTON VAN ROOYEN / KAISER CORNELIUS	41

Totaal – 429



Goggie en Nina – 50 punte



Christo Valentine en Danie Jacobs – 48 punte



Sonja Botes en Bets de Beer – 47 punte




Naas en Linda van den Berg – 46 punte



Naaste aan die Pen pryse is gewen deur -
Johan Ungerer-6, Marinus de Wilde-16,
Johan Coetzee-12 en Steyn Snyman-2



The longest drive prizes were won by-
Wit-Kobus du Preez, verskoning,
Rooi-Kobus Coetzer, verskoning,
Pienk- Bonnie Jordaan – verskoning
en Blou-Hardus Visagie



Daantjie oorhandig die wentrofee aan die Voorsitter van
Vaalrivier – Dion van Rooyen.

BAIE GELUK!

LANDBOU MAANDSPEL

Soos al Noordwes se maandspeel dae, het almal wat kom deelneem het, met groot verwagting opgedaag.



Baie dankie aan Louis en die lede van Landbou Gholfklub vir die lekker toebroodjies wat julle saam met die koffie vir ons gemaak het.



Kaiser Cornelius en Dirk Lotter kon nie hulle oë en hande daarvan afhou nie.

Die dag se verrigtinge en Kompetisie is op gepaste wyse deur Kaiser ge-open.



Louis en Kaiser was die hele dag "Upstairs"



Louis en Ockie was weer op hul pos en het die Inskrywings hanteer.

Dit was `n lekker Lente dag en almal was opgewonde om te speel. Ons het ook `n gas uit Australië gehad wat die dag kom saamspeel het.



Marthinus Loots se broer Bertie het kom kuier en saam gespeel. Hulle lyk nogal na mekaar, veral Marthinus.



Almal was opgewonde en kon nie wag om te begin speel nie.



En toe breek die oomblik aan!!

Soos wat dit maar op die Landbou Golfbaan gaan, was die setperke weer vir baie spelers vreemd, maar almal speel immers op dieselfde baan en in dieselfde toestand. Goeie tellings is weereens aangeteken en ek glo almal het dit geniet. Baie dankie aan die “Marshalls” wat die veld laat vloei het, al was daar op sommige putjies baie bal gesoek.

Na die dag se spel het ons lekker Kerrie en Rys geniet wat deur Landbou Golfklub voorberei is. Baie dankie aan Dalene en jou span. Baie dankie vir jou samewerking en hulp met die reëlings saam met Louis wat die karretjies organiseer het.

Tyd vir ERNSTIG! Raak.



Baie dankie aan elke lid van NOORDWES SAGES wat teenwoordig was en gehoor gegee het en saamgewerk het om ons prysuitdelings geleentheid rustig en ge-orden af te handel. Ek het nie eenkeer iemand hoor sê, “ek kan nie hoor nie.” Dra asb die boodskap oor aan dié lede wat nie die dag bygewoon het nie.



Chris Heyns het vir Willie Strydom as nuwe lid voorgestel.
Welkom by SAGES, Willie.

Ek het die volgende verskonings ontvang:

Nico van den Heever, Nic van der Merwe, Jerry Fourie, Kobus de Kock, Braam van Niekerk, Bruce de Lange, Hendrik Stapelberg, Deon Ackerman, Willie Victor, Ampie Swanevelder, Apie Meintjes, Carlie Pienaar, Jan Viljoen, Boela Britz, Swannie Swanepoel, Dirk Coetzee, Steven le Roux, Hekkie Malan, Jantjie Liebenberg, Hernes Strydom, Martin Snoek en Peter Jacobs.

Baie geluk aan ons Pryswenners van die Dag:



1ste Plek – Kobus Coetzer – 41 punte



2de plek - Mario Botha – 39 punte



3de plek – Janes Geel – 38 punte



4de plek - Norman Hartzenberg - 37 punte



5de plek – Manie Smit – 36 punte



6de plek – André le Grange – 36 punte



7de plek – Nina van Heerden – 36 punte



Naaste aan die penne – André Mynhardt, no 18
En Dieter Hansen, no 3 en 6



Die Spanprys is gewen deur die Springbokke van Ockie Swartz, Luigi Morelli, Kaiser Cornelius, Nico Roux, Mario Botha, Goggie van Heerden, Theo Strydom, Lemmer Vermooten en Jean vd Merwe

PHOTO GALLERY

ALMAL IN RUSTIGE “FORMAAT”



Did you know?



Darem maar lekker om op jou 3de rugwerwel te sit!



Die een saai en die ander een oes



Ek wonder wie gaan wen?



Hallo daar!



Ons is stil vandag...



AGIE



Dit was 'n lekker dag



Reg om die Pryse uit te deel

Verjaarsdae in Oktober/Upcoming Birthdays in Oktober

*Leon Fourie 1/10, Kevin Smithers 1/10, Ockie Swartz 6/10, Izak Brand 11/10,
Bruce de Lange 12/10, Dieter Hansen 13/10, Kaiser Cornelius 18/10, Lemmer
Vermooten 25/10*

*Hartlik geluk. Mag dit 'n jaar vol vreugde en goeie gholf wees. Hearty congratulations. May it be a year full of
joy and good golf.*

“TERWYL ONS NOU OOR RUGBY PRAAT”

Niks verander 'n braai so vinnig in 'n begrafnis soos wanneer die Bokke teen Nieu-Seeland verloor nie.

Voor die wedstryd lyk die erf nog soos 'n land met 'n toekoms.

Die vuur brand. Iemand het reeds te veel hout opgegooi omdat 'n Suid-Afrikaanse man blykbaar persoonlik beledig voel deur 'n beskeie vuur. Die vleis lê in bakke. Daar is knoffelbrood wat nog in feelie toegedraai is en een familielid wat van vroeg af met groot sekerheid vertel wat die Bokke vandag moet doen.

"Ons moet hulle net voorlans vat." Hy sê dit asof Rassie hom vanoggend gebel het.

Almal praat groot voor afskop. Ons is rustig. Ons het 'n plan. Die All Blacks is glo nie meer dieselfde span nie. Iemand noem 'n statistiek wat hy heel moontlik op pad kombuis toe uitgedink het.

Dan verloor ons.

Die eindfluitjie blaas en skielik lyk dieselfde erf of daar 'n tannie met 'n orrel enige oomblik by die agterdeur gaan instap.

Die musiek is af.

Niemand weet wie dit afgesit het nie.

Die man wat twintig minute gelede nog verduidelik het hoe eenvoudig internasionale rugby eintlik is, staan nou by die vuur en steek 'n stuk wors met die tang rond asof dit iets weet wat hy nie weet nie.

Een ou sê niks. Een ou praat te veel. "Daai ref."

Daarmee begin die nadoodse ondersoek.

Elke beslissing word weer oopgesny. 'n Strafskop uit die eerste helfte word nou behandel as die oomblik waarop die hele Suid-Afrikaanse geskiedenis verkeerd geloop het. Iemand voeg 'n wedstryd van twaalf jaar terug by, want ons is nie 'n volk wat rugby-onreg sommer laat gaan nie. Ons bêre dit netjies en bring dit uit wanneer nodig.

Dan maak iemand die fout om te sê:

"Ag, dis net rugby." Nou kyk almal vir hom. Nie aggressief nie. Net lank genoeg dat hy self begin wonder of hy dalk vroeër moet huis toe gaan.

Dis nie dat ons nie perspektief het nie. Natuurlik weet ons daar is groter dinge in die wêreld. Die elektrisiteit kan af wees, jou bankrekening kan jou vermy en die petrolprys kan weer besluit om jou persoonlik te teiken.

Dit alles kan wag tot môre. Vanaand het ons teen die All Blacks verloor.

Daar is boonop nog vleis wat gaar moet word, en dis waar die ware karakter van 'n volk wys. Niemand is lus nie, maar niemand gaan 'n tjop mors oor Barrett boetie nie. So word daar in stilte gebraaai.

'n Brood word oopgesny met meer geweld as wat brood normaalweg verdien. Die aartappelslaai kom uit. Iemand vra wie sous wil hê en kry amper geen antwoord nie.

Dan, iewers tussen die tweede tjop en die laaste stuk knoffelbrood, begin die lewe terugkom.

Iemand maak 'n eerste grap.

Nog iemand sê die Bokke gaan hulle volgende keer bliksem.

Die man wat vroeër gesê het dis net rugby word stadig weer in die familie toegelaat.

Teen tienuur praat almal reeds oor die volgende toets.

Ons sal weer dieselfde vleis koop. Dieselfde stoele uitpak. Dieselfde vuur aansteek. Dieselfde voorspellings maak met die selfvertroue van mense wat duidelik niks uit vorige Saterdag geleer het nie.

Dis seker die ding van Suid-Afrikaners en rugby. Ons kan vir tagtig minute ons hele geestelike welstand aan vyftien mans in groen truie oorhandig, 'n braai daarna soos 'n roudiens hou en teen slaaptid reeds oortuig wees ons vat hulle volgende keer.

Mens noem dit seker hoop.

Hier by ons vra iemand net:

"Hoe laat speel die Bokke volgende Saterdag?"

Louis Jansen

NW MERIETELYS VIR DEELNAME AAN NASIONALE KAMPIOENSKAP

*Inligting geneem uit die statistieke vir die SAGES van die Jaar Toekennings
Information taken from the statistics for the SAGES of the year Awards*

2026

Posisie	NAAM	Gespeel	Gem. Netto	Speeldae	% Deelname
1	Frans Landsberg	2	69.5	10	20.0%
2	Lourie Vd Merwe	2	72.0	10	20.0%
3	André Mynhardt	9	72.2	10	90.0%
4	Steven Le Roux	8	72.4	10	80.0%
5	Ampie Swanevelder	7	72.7	10	70.0%
6	Nina van Heerden	10	73.3	10	100.0%
7	Johan Van Dyk	6	73.8	10	60.0%
8	Luigi Morelli	8	73.9	10	80.0%
9	Steyn Snyman	10	74.0	10	100.0%
10	Kobus Coetzer	10	74.2	10	100.0%
11	Johan Schoonen	10	74.4	10	100.0%
12	Braam Van Niekerk	7	74.4	10	70.0%
13	Danie van Vuuren	2	74.5	10	20.0%
14	Anton Van Rooyen	10	74.9	10	100.0%
15	Fanie Laubscher	1	75.0	11	9.1%
16	Nico Roux	8	75.0	10	80.0%
17	Francois Gerber	10	75.2	10	100.0%
18	Goggie van Heerden	10	75.2	10	100.0%
19	Apie Meintjes	5	75.2	10	50.0%
20	Deon Coetzer	10	75.3	10	100.0%
21	Daantjie v Rensburg	10	75.3	10	100.0%
22	Jenny Forssman	10	75.3	10	100.0%
23	Willie Victor	9	75.8	10	90.0%
24	Kaiser Cornelius	10	75.9	10	100.0%
25	Mario Botha	9	76.0	10	90.0%
26	Johann Coetzee	2	76.0	10	20.0%
27	Dirk Dirksen	6	76.2	10	60.0%
28	Janes Geel	10	76.2	10	100.0%
29	Hekkie Malan	2	76.5	10	20.0%
30	Boela Britz	7	76.6	10	70.0%
31	Willie Scheepers	10	76.7	10	100.0%
32	Kobus Du Preez	9	76.9	10	90.0%
33	Gary Oosthuisen	1	77.0	10	10.0%
34	Jimmy Hugh	10	77.0	10	100.0%
35	André Le Grange	10	77.2	10	100.0%
36	Dirk Snyman	4	77.3	10	40.0%
37	Swannie Swanepoel	8	77.3	10	80.0%
38	Rooth Kilbourn	6	77.3	10	60.0%
39	Fritz Pistorius	4	77.5	10	40.0%
40	Marthinus Loots	7	77.6	10	70.0%

41	Nic Vd Merwe	9	77.7	10	90.0%
42	Hernes Strydom	4	77.8	10	40.0%
43	Louis Jansen	9	77.9	10	90.0%
44	Deon Ackerman	7	78.0	10	70.0%
45	Anton Roux	2	78.0	10	20.0%
46	David Maree	5	78.0	10	50.0%
47	Dieter Hansen	7	78.0	10	70.0%
48	Izak Brand	5	78.0	10	50.0%
49	Leslie Louw	9	78.0	10	90.0%
50	Wietsche Fourie	7	78.1	10	70.0%
51	Jan Viljoen	2	78.5	10	20.0%
52	Hendrik Stapelberg	5	78.6	10	50.0%
53	Steve Roodt	7	78.9	10	70.0%
54	Michael Preece	1	79.0	10	10.0%
55	Theo Strydom	1	79.0	10	10.0%
56	André Du Plessis	8	79.1	10	80.0%
57	Dirk Coetsee	7	79.3	10	70.0%
58	Peter Jacobs	5	79.6	10	50.0%
59	Ben Engelbrecht	3	79.7	10	30.0%
60	Tommy Herridge	5	79.8	10	50.0%
61	Giel Steyn	6	79.8	10	60.0%
62	Willem van Antwerpen	4	80.3	10	40.0%
63	Chris Heyns	8	80.3	10	80.0%
64	Gert Moorcroft	6	80.3	10	60.0%
65	Jerry Fourie	9	80.3	10	90.0%
66	Hennie V Jaarsveld	6	80.3	10	60.0%
67	Martin Snoek	5	80.4	10	50.0%
68	Gert de Beer	9	80.4	10	90.0%
69	Kevin Smithers	4	80.5	10	40.0%
70	Deon Nel	2	80.5	10	20.0%
71	Marius Fourie	9	80.6	10	90.0%
72	Stephen Warrington	9	80.6	10	90.0%
73	Ockie Swartz	8	80.6	10	80.0%
74	Wentzel Coetzer	1	81.0	10	10.0%
75	Piet Louw	6	81.3	10	60.0%
76	Nico van den Heever	9	81.3	10	90.0%
77	Carlie Pienaar	6	81.8	10	60.0%
78	Z M Loots	1	82.0	10	10.0%
79	Lemmer Vermooten	1	82.0	10	10.0%
80	Carl Kirstein	6	82.0	10	60.0%
81	Louren Campher	2	83.5	10	20.0%
82	Cron Van Aswegen	8	83.5	10	80.0%
83	Pieter Louw	5	83.6	10	50.0%
84	Giel Badenhorst	9	84.0	10	90.0%
85	Hannes vd Westhuizen	4	87.3	10	40.0%
86	Kobus De Kock	8	87.5	10	80.0%

87	Dirk Lotter	3	89.7	10	30.0%
88	Lukas Pieterse	5	91.4	10	50.0%
89	Izak Strydom	0	#DIV/0!	10	0.0%
90	Leon Fourie	0	#DIV/0!	10	0.0%
91	Nick V Niewenhuyzen	0	#DIV/0!	10	0.0%